

# ORDE VAN KREON

## Ruimte Reeks (5)




Marinus Keet


RUIMTEREEKS
TREFFERBOEKE
ORDE van
KREON
Tiaan Eybers
3/-

Duiwelse planne broei in die gedagtes van die grootste ruimte-misdadiger van alle tye—die ambisieuse en gevreesde Kreon.

Lees hierdie spannende ruimverhaal waarin Kreon en die vermaerde driemanskap — lede van die Interplanetêre Veiligheidspolisie — op onverbiddelike wyse kragte meet . . .

Ander ruimverhale deur Tiaan Eybers is:

PLANEET VAN VERSKRIKKING

MONSTERS VAN VENUS

RIDDERS VAN DIE RUIMTE

# DIE ORDE VAN KREON

deur

TIAAN EYBERS

Uitgegee deur

TREFFER-UITGEWERS

Posbus 1495 — Bloemfontein

# INHOUD


| | | |
|---|---|---|
| I | DIE GEHEIMSINNIGE DOKUMENTETAS | 7 |
| II | „WIS DIE EKSPEDISIE UIT" | 33 |
| III | MOORD | 53 |
| IV | TWEE VERDWYNINGS | 64 |
| V | OORLOG OP DIE MAAN | 79 |
| VI | SNEEUSTORTINGS IN DIE BERGE | 97 |

# 1 DIE GEHEIMSINNIGE DOKUMENTETAS

Die deltavormige reuse-vlerk skiet amper loodreg die ruimte in; die internasionale lughawe met sy bonte verskeidenheid vliegtuie, projektiele en lugbote, vervaag vinnig tot niksbeduidende swart spikkels. In die klankdigte passasierslokale staar familie en vriende die vertrekkende **Hermes** agterna.

Uit hul leunstoele staar die passasiers nuuskierig deur die ovaalvormige patryspoorte na die wolkerepies waardeur die dun punt van die vlerk onverbiddelik 'n lugpad boor.

Die ronde aardbol sak vinnig weg onder die vaartuig. Bykans 2300 myl bokant die aarde skakel die loods die sweefmeganisme aan; die brandstof van die vlerk is bykans gedaan. Spoedig sweef die vaartuig met 'n groot boog weer na onder. Minute later sal dit veilig op die internasionale stratohawe van Brussels land nadat dit blitsvinnig 'n hele kontinent oorreis het.

Met 'n geoefende oog bestudeer die loods die instrumentepaneel voor hom. Hy het reeds per teleradio met die beheertoring van die stratohawe by Brussels kontak gemaak en alles word daar in gereedheid gebring vir die landing van die **Hermes**. Die loods se oog val op die girometer. Hy verstel 'n paar knoppies, maar dié meterwyser bly oorhel na regs. 'n Frons plooi oor Kaptein Jurgens se voorkop. Dit is baie selde dat die vlerk

teen so 'n hoek neerdaal: dit kan net gebeur as dit deur 'n geweldige atmosferiese storm woed of as . . .

Kaptein Jurgens doen vinnig verslag aan die beheertoring wat hom onmiddellik van 'n weerverslag voorsien. Dit is duidelik dat die atmosfeer stil en bedaard is.

Jurgens se brein werk blitsvinnig. 'n Groot skroef is iewers los. Die girometer beduie nog steeds dat die deltavlerk gevaarlik na regs oorhel.

,,Gerhard . . . die girometer . . .''

Sy maat langs hom kyk vinnig na die meter en as hy besef wat aangaan, haal hy vinnig en skerp asem. Hulle tyd word min. Bykans instinkmatig trek hy 'n dik hefboom by sy regterbeen na agter. 'n Massa brandstofapparaat geheg aan die linkerkantse deltavlerk stort na benede. 'n Ligte trilling trek deur die vlerk. Die helder-verligte wyser van die girometer huiwer heen en weer, swaai oor na links, maar swaai dan weer stadig maar seker na regs waar dit roerloos bly hang. Jurgens kyk woordeloos na sy hulp-loods. Daar is bitter weinig wat hulle nog kan doen. Werktuiglik doen hy verslag aan die beheertoring. Dan klem hy sy hand op die landings-hefboom. As hy die vlerk stadig uit sy neerwaartse vlug uittrek om feitlik horisontaal te sweef net voordat dit land, voel hy die bloed uit sy gesig wegvloei.

Op die stratohawe is honderde pare oë gevestig op die gevaarte wat deur die digte mis in aantog is. Die nuus het blitsvinnig versprei dat daar iets aan die vlerk skort. Skreeuende brandweerwaens en swartgeklede veiligheidspersoneel swerm oor die landingsbaan.

Die vlerk skiet teen duiselingwekkende snelheid na



onder. Uitroepe van verbasing en verskrikking klink op as die vlerk heeltemal na regs oorkantel. Vuurvonke spat in 'n streep oor die landingsbaan as die vlerkpunt op die harde oppervlakte sleep. Wrakstukke spat oor 'n groot oppervlakte, terwyl die ongelukstoneel spoedig deur 'n dik rookwalm en springende rooi vlamtonge verberg word. Soos miere sak die veiligheidsbemanning van alle kante op die wrak toe. Heel gou is die brand geblus en storm dosyne robotmanne op die wrak af om oorblywendes te red. Honderde wagtende passasiers en amptenare swerm oor die landingsbaan te geskok om 'n woord te uiter. Oor die luidspreker word die omstanders herhaaldelik versoek om kalm te bly en van die ongelukstoneel weg te bly. Polisieamptenare met stompneus-straalpistole vorm 'n kordon om die wrak.

Hulp word snel en effektief verleen aan die enkele strompelende oorlewendes wat die geweld van die botsing oorleef het.

Luitenant Matthysen skud sy kop meewarig as hy na die grusame toneel kyk. 'n Ondergeskikte doen aan hom verslag. Vier mense het die botsing oorleef. 'n Hele paar lyke is gekry, maar van die meeste passasiers is geen spoor te vind nie. Terwyl die flitse van polisiekamera's die toneel verlig, beveel Matthysen dat die wrakstukke van die landingsbaan verwyder word. Die nuuskierige mensemassa wat na die toneel gehaas het, begin stadig, langsaam, in groepies terugbeweeg na die passasierslokale.

,,'n Dokumentetas, luitenant!''

Matthysen kyk gesteurd na die amptenaar wat 'n